

4 Julie 2021

Gr R tot Gr 3



Kyk mooi wat jy **inpak!**

Markus 6:1-13

voorbereiding

Neem saam:

- 'n Rugsak of oornag tas
- Prent van tas
- Tydskrifte, skêr en gom
- Inkleurkryte

OPENINGSGEBED:
vra vir een van die kinders
om te open met gebed.

bid tyd

gesels tyd

Kom ons begin vandag met 'n speletjie:

Laat die kinders in 'n kring sit en die rugsak omstuur. Die een wat die rugsak het moet sê: Ek gaan op reis (byvoorbeeld) MAAN toe, en ek vat..... saam. Elkeen moet sê wat hy saamvat.

Stuur die rugsak al in die rondte en gee so aan elkeen die geleentheid om deel te neem. Elkeen kry die geleentheid om te sê wat hulle sal saamvat. Daar is nie 'n regte van verkeerde iest om saam te neem nie. Skets elke keer 'n ander senario byvoorbeeld: Ek gaan na 'n EILAND toe, of ek gaan WILDTUIN toe, of ek gaan MET VAKANSIE...

Wanneer julle iewers heen gaan, wie pak vir julle in? Pak julle net genoeg in of is daar altyd ekstras ook?

Ons is geneig om altyd ekstra goed te pak vir ingeval. Al is dit warm, pak mens 'n sweetpak top in vir ingeval dit dalk koud word. Of jy pak jou tablet in vir ingeval daar nie ander kinders is om mee te speel nie. Wat pak jy graag ekstra in? Gee aan die kinders geleentheid om te vertel wat sal hulle graag inpak.

Wanneer mens vlieg, sê hulle dat mens dalk net een sak kan pak, of net 'n sekere hoeveelheid kilogramme mag pak. Wat maak mens dan as jy agterkom jy het te veel goed wat jy wil inpak? Jy sal maar net

moet uitpak. Want reels is reels en as die kilogramme vol is of die sak vol is, kan jy nie nog goed inpak nie.

Dit werk amper so met sport ook. Ons kan nie rugby speel met ons slaapklerre aan en 'n sweetpak nie.

Jy kan ook nie met plakkies rugby speel nie. Net so kan mens ook nie met hoë hak skoene netbal speel nie. Jy moet sekere klerre dra en die res uittrek.

Vir elke taak in die lewe, is daar sekere goed wat jy nodig het, en ander wat jy moet agter los.

Vandag gaan ons leer oor 'n spesiale reis waarop Jesus die dissipels gestuur het en ons gaan kyk ook wat hulle alles moes inpak.

gesels tyd (vervolg)

Hierdie liedere is slegs voorstelle.
Sing gerus iets wat meer bekend is.

sing tyd

Liedboek 550 Twee ogies om Gods werk te sien

Twee ogies om Gods werk te sien
Twee handjies om die Heer te dien
Twee oortjies om sy Woord op te vang
Weet lippies wat Hom loof met sang
Twee voetjies moet sy pad betree
Met een hartjie om aan Hom te gee

Liedjie: Stap soldaatjie

Ek is nie 'n stap soldaatjie nie,
'n ry soldaatjie nie,
'n vlieg soldaatjie nie.
Ek is nie 'n skiet soldaatjie nie,
maar ek is Jesus se soldaatjie, ja meneer.

Ek is Jesus se soldaatjie, ja meneer
Ek is Jesus se soldaatjie, ja meneer

Ek is nie 'n stap soldaatjie nie,
'n ry soldaatjie nie,
'n vlieg soldaatjie nie.
Ek is nie 'n skiet soldaatjie nie,
maar ek is Jesus se soldaatjie, ja meneer.

BYBEL tyd

Jesus het oral waar Hy gegaan het, mense in die Waarheid van die Bybel geleer. Mense het onder mekaar gepraat en gesê dat Jesus soveel insig het en dat wat Hy hulle leer, net van God self kon kom.

Op 'n keer was hy in die dorp waar Hy groot geword het, en soos sy gewoonte was het Hy weer mense begin leer, maar die mense in die dorp het hom as die klein seuntjie onthou en sou nie na Hom luister nie. Vir hulle was Hy net die seun van Josef en Maria wat hulle almal ken. Jesus het besef dat die mense nie reg was vir wat Hy hulle wil leer nie en Hy het nie baie wonderwerke daar gedoen nie.

En toe stuur Hy sy dissipels uit om in die dorpie daar rond te gaan en wonder werk te doen. Hy het hulle mag gegee om duiwels uit te dryf en siekes gesond te maak. Maar toe hulle op die reis gaan, het hy vir hulle gesê hulle mag NIKS saamneem nie. Hulle mag nie beursies en klere en goed saam neem nie. Hulle moes gaan net soos wat hulle is. Hulle het afhanklik van God gegaan. Afhanklik beteken dat jy nie vir jouself kan sorg nie, maar moet wag vir iemand om vir jou te sorg. Kom ons lees daarvan in die Bybel.

Lees vir die kinders voor uit Mark.6:1-13

Die dissipels het seker eers gedink dit is 'n baie vreemde opdrag wat Jesus gee. Hulle moes in ander dorpie gaan oorbly het, maar hulle mag niks saam geneem het nie. Jesus het die opdrag gegee sodat mense kon sien dat hulle nie een of ander towergoed saambring om siekes gesond te maak nie. Dit was net in die krag van God wat die wonders gedoen was.

Ek en jy moet ook weet dat Jesus ons ook wil gebruik om vir mense van Hom te leer. Maar jy hoef nie eers groot te wees of eers klaar te geswot het nie. Jy hoef nie eers 'n dominee te wees voor jy van Jesus mag vertel nie. Al wat God vra is dat ons gehoorsaam sal wees en op Hom te vertrou om by ons te wees en vir ons die regte woorde te gee om te praat en van Hom vir ander te vertel.

Kan jy onthou waar jy die eerste keer van Jesus gehoor het? Wie het jou van Jesus geleer of vertel?
Het jy al vir iemand van Jesus vertel?

doen & leer tyd


Wat pak jy alles in?

Vandag gaan ons op 'n seevakansie. Teken of plak prente in die tas van wat jy alles nodig het as jy op 'n see vakansie gaan. Onthou om sonblok en 'n sonsambrel ook in te pak.

Moedig kinders aan om te gaan vertel wat hulle vandag geleer het.

groet tyd

Dankie Jesus dat U vir ons leer wat om te sê wanneer ons oor U getuig. Dankie dat ons nooit alleen is nie, maar dat U altyd by ons is.
Amen



Ek gaan op 'n seevakansie...

Teken of plak alles wat jy saamvat op die vakansie in die tas.

